August 2004

agra SERVICE-RANGE-COUNTRYWIDE

RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

# Winterskool gee weer motivering vir Suide boere

Hoewel die Namibiese winter soms geniepsig in die Suide kan wees, is dit alom bekend vir die winterskole wat deur die Suide boereverenigings in hierdie tyd aangebied word. Vanjaar was geen uitsondering nie. Die Karasberge Boerevereniging het die veertiende winterskool onder die vaandel van die Keetmanshoop Streek Landbou-unie op 3&4 Augustus aangebied. Dié geleentheid is die 5de Augustus opgevolg deur Grünau Boerevereniging se winterskool.

Met tema "Trots om boer te wees", het die Karasberge Boerevereniging 'n uiters suksesvolle twee dae met relevante en interessante onderwerpe aangebied. Die geleentheid in deur ongeveer 180 mense bygewoon, meestal lede van die volgende boereverenigings: Karasberge, Klein Karas, Keetmanshoop, Aus, Bethanie, Guruchab, Koës en Aroab.

Een van die hoogtepunte van die eerste dag was sekerlik die toespraak van Dr. Corrie Visser, wat gehandel het oor boerdery etiek. In sy toespraak het hy onder meer daarna verwys dat om 'n trotse boer te wees, daar sekere gedragskodes (en verantwoordelikhede) is wat 'n boer op verskeie terreine moet navolg. Kortliks kom dit daarop neer dat jy 'n verantwoordelikheid het teenoor jouself om jou te bekwaam vir jou taak en die kennis wat jy opdoen, met ervaring te vermeng ten einde 'n boerdery suksesvol te bestuur. Die tweede verantwoordelikheid wat hy beklemtoon het, is die een wat 'n mens het teenoor jou gesin en mense wat in jou diens staan. Hy het ook verwys na die verantwoordelikheid wat 'n trotse boer het teenoor sy/haar gemeenskap en land deur betrokkenheid. Ter afsluiting het hy gefokus op 'n boer se verantwoordelikheid teenoor sy/haar Skepper rakende jou verhouding, geloof en vertroue.

Ander aspekte wat tydens die eerste dag van die winterskool hanteer is, was onder meer Namproducts wat meer inligting verskaf het oor die bedrywighede van Farmers Meat Market en kleinveebemarking in die huidige scenario, Prof. Willie van Niekerk wat oor voerkraalafronding gesels het en Mnr. Paul Strydom wat die Vleisraad se rol in bemarking uitgelig het.

Die tweede dag het ook interessante onderwerpe opgelewer met Mnr. Sakkie Coetzee van die NLU wat oor georganiseerde landbou in 'n veranderende sosio-ekonomiese omgewing en die noodsaaklikheid van die produsent se betrokkenheid by die NLU gepraat het. Nog 'n praatjie wat stof tot nadenke gegee het was dié van Mnr. Leon van Wyk wat gehandel het oor boerderybestuurspraktyke van 'n trotse boer. In sy aanbieding het hy veral klem gelê op die belangrikheid van 'n bestuursprogram vir suksesvolle boerdery. Dit raak al noodsaakliker dat produsente hulle boerderypraktyke en -aktiwiteite begin analiseer in finansiële terme en 'n ontledingstelsel vir boerderydoeltreffendheid kan 'n verskeidenheid van inligting verskaf waaruit so 'n bestuursprogram ontwikkel kan word.



Die hoogtepunt van die tweede dag was sekerlik die kuddekompetisie wat deur Phillip Strauss, bekende beoordelaar van die Karasburg omgewing, waargeneem is. Elke boerevereniging moes 'n groep bestaande uit vyf dorper ooi lammers wat binne 6 weke voor die tyd geskeer is, vir die kompetisie inskryf. Ander reëls wat gegeld het, was dat die diere se sterte afgesit moes wees en dat geen gaatjies (geplate ooie) toegelaat is nie. Tydens die beoordeling is daar na aspekte soos funksionele bouvorm, seleksie, kwaliteit, tipe en eenvormigheid gekyk. Uiteindelik het die Karasberge Boerevereniging se groepie as wenners uit die stryd getree, met die van Koës Boerevereniging en Aroab Boerevereniging in die tweede en derde plekke onderskeidelik.

Nodeloos om te sê dat die dames ook hulle eie, baie interessante program die twee dae gehad het. Praatjies oor onderwerpe soos gesondheid, skoonheidstegnieke, versorging van juweliersware en kleipotte en kleiprodukte het die dames vasgenael gehou vir 'n hele paar uur.



*Bo: Karasberge Boerevereniging se groepie dorper ooie het die kuddekompetisie gewen*

*Links: Dié boerbok stoet ram van Mnr. Pieter von Wielligh kon ook besigtig word tydens die Winterskool*

*Onder: Die Winterskool is deur lede van agt boereverenigings in die Keetmanshoop Streek bygewoon*



Die kos, samesyn en gasvryheid waarmee ek in die Suide ontvang is was so heerlik dat toe ek op my pad terug so tussen die berge deurry, dink: "Hierdie wêreld is regtig baie verskillend teenoor die noorde van Namibië, maar daar is iets wat soos klitsgras aan jou vasklou. Juis miskien die andersheid in die natuur en die liefde wat die mense die omgewing het..." Sien uit na volgende jaar se winterskool wat deur die Klein Karas Boerevereniging aangebied sal word.

# Editor's Note

By the time you receive this month's edition, the winter of 2004 will almost be a thing of the past. So...for all you gardening fanatics, the "tuinhoekie" (page 5) illustrates how you should go about in preparing your garden for the upcoming spring.

It has become tradition for the Southern Farmers Associations to present winter schools during August. This year was no exception as depicted in our leading article.

Various members have raised questions concerning the bonuses they receive, as well as what advantages Agra members enjoy. Questions posed by Sybrandt in this regard to Sigi Lösch, Senior Officer: Secretariat at Agra, are addressed on page 2.

A word of thanks to those who responded in assisting us in updating our database. For those who have not...please do so as soon as possible. We require this information by end of August.

Greetings until our next issue.

**Lélanie Farmer**
Marketing Officer
Tel. 061 - 290 9299
Fax. 061 - 290 9250
Private Bag 12011
Windhoek
**E-mail: lelanie@agra.com.na**

**NOTICE**

Agra has changed its trading hours at ALL branches on Saturdays, for our members and customers' convenience.
**New trading hours on Saturdays are 8h00 to 13h00**

**KENNISGEWING**

Vir ons lede en kliënte se gerief het Agra sy besigheidsure by ALLE takke op Saterdae verander.
**Die nuwe besigheidsure op Saterdae is 8h00 tot 13h00**

# Sybrandt asks questions on membership and bonuses

According to Agra's constitution, an individual may acquire membership under the following conditions:

- The person must be a Namibian citizen.
- He/she must practise farming in Namibia with a minimum turnover of N$15 000 p.a.
- The prospective member pays N$50 for 50 shares.

Agra currently has more than 6000 members. Various members have however raised questions concerning the bonuses they receive, as well as what advantages Agra members enjoy. Sybrant therefore posed questions in this regard to Sigi Lösch, Senior Officer: Secretariat at Agra, on their behalf.

***Sybrandt: What happens to the net surplus at the end of Agra's financial year?***
***Sigi:*** The Board of Directors decides which portion of the surplus will be allocated as bonuses to members. They also decide whether the bonus will be paid out in cash or whether it will be credited to the members' loan accounts.

***Sybrandt: How are these bonus amounts determined?***
***Sigi:*** The amount determined by the Board of Directors consists of two elements, a Livestock Division bonus and a Trade Division bonus.

- The livestock bonus is allocated to all members who utilised Agra's livestock services for the sale of their Livestock. The amount per member is based on the amount of business transacted by each member as a percentage of total member business for that specific financial year.
- The Trade Division bonus is allocated to all members who purchased goods through the Agra Branches. The amount allocated per member is based on the amount of business transacted by each member as a percentage of total members business for that specific financial year.

***Sybrandt: May I claim my bonus annually, or request that it be paid out to me?***
***Sigi:*** No, normally the bonuses are allocated to the members' loan account of each member.
This loan account may be liquidated upon:

- death of the member
- cessation of farming activities of the member
- termination of Agra membership

Agra's by-laws contain the provision that payment of these loan accounts can be held back by a decision of the Board of Directors for a maximum period of 10 years.

***Sybrandt: Are these bonus payments taxable?***
***Sigi:*** Yes, when bonuses are allocated, the member will be informed accordingly and Income Tax becomes payable. When these bonuses are subsequently paid out by Agra, no tax liability exists.

***Sybrandt: May I transfer my shares and bonuses to someone else?***
***Sigi:*** Yes, according to the bylaws of Agra, any member has the right to transfer his/her shares and any credits in the Member Interest Funds to a third party, on the condition that this third party is a bona fide member of Agra.

***Sybrandt: Last year two certificates were issued after the financial year-end. What exactly does this mean?***
***Sigi:*** Any member of Agra will receive an "ordinary share certificate" for the 50 ordinary shares he/she must purchase in order to qualify as member. Quite a number of Agra members have additionally invested funds in Agra by means of "bonus shares". Every such member will have received share certificates for this extra investment.

***Sybrandt: For N$50, what type of return can I expect?***
***Sigi:*** Bonuses credited to each member's account depend on the amount of business conducted through Agra. Every purchase a member makes, increases the amount of the bonus. It is therefore important that members ensure that all their transactions are made using the correct member's account number. Recently a member, who only purchased 50 shares, passed away. His next of kin received an amount of N$34 000.00 which had accumulated as bonuses in the members loan account over a period of 10 years. This member was a loyal member who conducted all his business with Agra. This bonus would, of course not have accrued to him had he done his business elsewhere.

***Sybrandt: What are the benefits of an Agra membership?***
***Sigi:*** Apart from the bonuses that can be earned the following benefits apply:

- Agra services its customers countrywide through an extensive branch network both thought the Retail and the Livestock divisions.
- Agra is a stable business that has been in existence for 25 years. It poses no risk for its Customers.
- Purchases on credit can be arranged for members who comply with the specific requirements. This assists member's cash flow.
- Members who purchase their goods cash, receive a cash discount on all transactions.
- Members have a direct influence on the co-operative through the election of members to the board of directors, who are responsible for the overall direction and strategy of the co-operative.
- Agra very often acts as a price stabiliser on goods and services it sells. Most of our competitors use Agra's prices to define their own pricing strategy.
- Agra endeavours to provide its members with specialist advisory services where possible. Livestock Stud Services (Mr Kiep Lepen) and Agronomy advisory services (Mr Dirk Prinsloo) are two such examples.
- Movable goods auction services are provided by our Livestock Auction Team at competitive rates.
- Agra is continually busy exploring new markets for the successful promotion of members products, be it cattle, sheep, game, karakul or any other new products.
- Agra delivers vital input to various agricultural organisations such as the NLU, Meat Board, Agronomy Board, Meatco, Karakul Forum and other farming institutions. Agra also cherishes the good relationship it has built up with the Namibian Government.

The above provides a good platform for the discussion of important issues concerning Agra and its members.





# Alterations underway at Windhoek Branch

alterations

In the attempt to enhance customer service at our main branch in Windhoek, changes are currently underway to address the logistical problems experienced at the loading docs, especially on Fridays and month ends. Concerns were also raised at last year's Annual General Meeting that suppliers were delivering goods during peak hours, resulting in producers being held up unnecessarily.

These alterations will ensure that there will be three loading docs from which clients can be serviced. Two of which will be facing north whilst the other faces to the eastern side of the building (as illustrated on the diagram). The loading doc facing east will be implemented to cater for heavy-duty consignment, large trucks and trailers.

Agra has also made arrangements with suppliers that no deliveries will take place during peak hours (especially whilst construction is underway) to lesson congestion.

**Construction will be conducted in phases:**

**Phase 1:** Completion of eastern loading doc facility for heavy-duty consignment.

**Phase 2:** Creating an additional loading doc to the northern side.

Extend the loading ramp, which will assist the branch in placing fast moving goods onto the ramp and client vehicles.

Additionally we would also like to apologise for any inconvenience caused whilst the renovations and extensions are conducted. The envisaged date for completion of this project will be mid September.

agra windhoek




alterations

# Vertrou Op Merial Produkte

## vir beproefde resultate

***Skaapboere in Namibië ondervind groot probleme met haarwurmstamme (Haemonchus contortus) gedurende die Lente en Somermaande in hul kuddes. Afwisseling van aktiewe bestanddele is baie belangrik om weerstandbiedenheid te voorkom. Boere wissel gereeld af tussen verskillende doseermiddels, maar ongelukkig nie noodwendig tussen aktiewe bestanddele nie. Trodax inspuiting van Merial, wat teen 'n normale dosis toegedien word, werk die weerstandbiedende wurms doeltreffend teen. Skaapboere hoef nie te wonder oor watter haarwurmstam dit is wat vir hulle probleme veroorsaak nie, Trodax het selfs met die weerstandbiedende Witrivier-haarwurmstam korte mette gemaak. Benewens Haarwurm, maak Trodax ook Knoppieswurm, Lewerslak en Neuswurm by kleinvee van kant.***

Omdat lammers se immuunstelsel nog nie sterk ontwikkel is nie, is hulle meer vatbaar vir besmetting. Die grootste skade is egter nie maklik waarneembaar nie. Besmette skape is lusteloos en vreet minder, wat tot verlaagde produksie en prestasie lei.

Trodax, 'n geregistreerde produk van Merial, is die oplossing vir skaapboere wat probleme met weerstandbiedende haarwurms ondervind. As die middel teen 'n normale dosis toegedien word, beveg dit sulke haarwurmstamme doeltreffend.

Verlede jaar het Merial met die samewerking van die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria op Onderstepoort (OVARU) navorsing met Trodax gedoen. Die middel bevat die aktiewe bestanddeel nitrosiniel, een van die aktiewe bestanddele wat tot nou toe in 'n mindere mate in die kleinveebedryf gebruik is.

Benewens haarwurm, maak Trodax ook knoppieswurm, lewerslak en neuswurm by kleinvee van kant.

Dié middel word onderhuids toegedien en het 'n vleisonttrekkingstydperk van 45 dae ná behandeling. Voor behandeling met Trodax word inenting teen Clostridia-infeksies, insluitende bloednier (enterotosemie), aanbeveel.

'n Mens moet kleinvee nie voor en ná 'n behandeling met Trodax aanjaag nie. Veral dragtige ooie moet versigtig gehanteer word. Dit is goeie praktyk om diere vooraf in die kraal te laat oornag. Ná behandeling moet die diere net daar waar hulle is vir minstens 'n uur rustig op weiding deurbring.

**Navrae: Magda Engels - Verkoopsverteenwoordiger Merial; sel 081 128 4322; e-pos *mengels@iway.na***

# Knip haarwurms se lewe kort

Die weerstand wat soms by vee teen wurmmiddels voorkom, word veroorsaak deurdat 'n aantal parasiete ná behandeling oorleef omdat geen middel heeltemal doeltreffend is nie. Dié wurms teel aan en die getal wurms wat teen 'n bepaalde middel weerstand bied, groei dus in getalle.

Volgens hul aktiewe bestanddele kan 'n mens wurmmiddels in vyf verskillende groepe indeel. Sekere haarwurmstamme bied weerstand teen meer as een van dié groepe. Drie van die berugste weerstandbiedende haarwurmstamme wat uitgeken is, is die Nooitgedacht-, Kokstad- en Witrivier-stam.

Haarwurms heg hulself aan die maagwand van hul gasheer en suig dan bloed. Verdere en groter bloedverlies kom voor wanneer bloed aanhoudend uit die wond vloei wat deur die parasiet veroorsaak is. Die verlies kan tot bloedarmoede en in sommige gevalle selfs tot vrektes lei.

Sigbare tekens van haarwurmbesmetting is bleek oogslymvliese en 'n waterige sak wat onder die keel hang (kwakkeel).

Omdat lammers se immuunstelsel nog

In die proef is Trodax met welslae teen die Nooitgedacht-sowel as die Kokstadstam gebruik (teen die aanbevole dosis van 1ml/25kg liggaamsgewig). Skaapboere hoef dus nie meer te wonder oor watter haarwurmstam dit is wat vir hulle probleme veroorsaak nie. In die vorige proef is reeds bewys dat Trodax, ook teen die normale dosis toegedien, korte mette met die weerstandbiedende Witrivier-haarwurmstam maak.



*Kwakkeel ('n waterige sak wat onder die keel hang, soos op hierdie foto) en bleek oogslymvliese is van die sigbare tekens van haarwurmbesmetting*



# Berei tuine voor vir die lente

Met die komende lente op hande is dit verseker nou die tyd om die vingers in die grond te begin steek sodat 'n mens later 'n pragtige tuin in die somer het. Aspekte om in ag te neem as u in die tuin begin werskaf is:

***Grondvoorbereiding:***

Die kwaliteit van ons grond speel natuurlik die belangrikste rol vir 'n mooi en gesonde tuin. Dus moet ons grondvoorbereiding sien as die ruggraat van ons tuin. Dooie en grond wat uitgeput is kan eenvoudig nie 'n mooi tuin oplewer nie.

Omdat Fosfor wortelgroei stimuleer, moet ons reeds nou **Wonder Superfosfaat** of **Wonder Beenmeel** in die grond inwerk as deel van ons grondvoorbereiding. Vir nuwe grasperke en blombeddings moet ongeveer 90 g/m$^2$ **Wonder Superfosfaat** of **Wonder Beenmeel** in die grond ingewerk word. Daarmee saam moet daar heelwat organiese materiaal saam met die **Superfosfaat** ingewerk word, om sodoende die tekstuur van die grond te verbeter, soos bv. **Wonder Organiese Misstof**. **Wonder Organiese Misstof** is 'n reuklose, onkruidvrye kompos van braaikuikenmis.

Hoë hoeveelhede organiese materiaal verbeter ook die plantgroei en waterhouvermoë van die grond. Deur die waterhouvermoë van die grond verder te verhoog kan polimeerkristalle in die vorm van **Stockosorb** en **Aquasoil** ook in die grond ingewerk word. Nie alleen verhoog dit die waterhouvermoë van die grond nie, maar dit kan ook die frekwensie van natlei verminder, wat sodoende weer baie besparing op water teweeg bring.

***Grondswamme:***

As deel van ons grondvoorbereiding kan ons ook reeds nou ons grond steriliseer teen die twee hoof veroorsakende grondswamme nl. wortel- en stamvrot en saailingverwelksiekte. Die probleem kan die hok geslaan word deur die grond te behandel met 'n sistemiese swamdoder in tabletvorm nl. **FONGARID 62.5 TB**.

***Bolle:***

Bolle wat gedurende die winter aangeplant is behoort ook nou te blom, dus is dit noodsaaklik om plantvoeding toe te dien in die vorm van 'n geskikte blaarvoeding , soos bv. **Nitrosol**. Verder kan daar reeds nou begin word met die aanplant van bolle vir die somer-seisoen. Bolle word ook aangeval deur ruspes, wat beheer kan word met **Garden Ripcord**.

***Saailinge en saad:***

Middel Augustus tot einde Augustus is baie geskik vir die saai van alle somer-saad en die aanplant van somer saailinge. Onthou egter die grondvoorbereiding soos hierbo vermeld.

***Grasperke:***

Grasperke sal nou baie geel vertoon, maar dit is ook nou die beste tyd om ons bestaande grasperke voor te berei vir die groei-seisoen. Sny grasperke baie kort net voor die lente om groei te stimuleer en die opbou van 'n dik grasmat te voorkom. Deurlug die wortels van die grasperk indien nodig d.m.v. 'n tuinvurk nadat goed natgemaak is, maar wees versigtig om nie die tuinvurk op te lig nie. Deur die tuinvurk op te lig kan wortels breek en beskadig. Dit is veiliger om 'n penroller te gebruik indien dit beskikbaar is.

Dien **Wonder 3:2:1 (28) SR** met 'n stadigvrystellende stifstofverbinding toe teen 45 g/m$^2$, of **Wonder 7:1:3 (21) Grasperke en Lower** teen 60 g/m$^2$.

Indien die grasperk baie ongelyk is, kan onkruidvrye bogrond van hoë gehalte gebruik word om die grasperk gelyk te maak. Hierna moet die kunsmis-toediening elke ses weke herhaal word deur af te wissel met **Wonder 3:2:1 (28) SR** en **Wonder 7:1:3 (21) Grasperke en Lower**.

***Insekte:***

Nuwe plantgroei is 'n teiken vir plantluise. Wees dus op die uitkyk vir plantluise omdat nuwe groei nou reeds begin plaasvind. Plantluise kan baie effektief beheer word met 'n groot verskeidenheid van produkte soos bv. **Natuurlike Insekdoder, Aphicide, Chlorpirifos, Dursban 2E, Garden Gun, Insekmiddel-korrels, Pirimor, Rosecare, Naturen Rape Oil, Metasystox en Rose and Garden Dust**, om net 'n paar te noem.

Slakke en snywurms kan ook baie probleme veroorsaak op saailinge wat nou aangeplant is. Slakke kan beheer word met **Snailban** en **Snailflo** en snywurms kan beheer word met **Chlorpirifos, Dursban 2E, Cutwormbait, Garden Ripcord, Bexadust** of **Everdeath**.

Geniet die komende lente en lekker tuinmaak tot volgende maand.

Kontak Riaan Momberg by Agra Distribusie Sentrum, tel. 061-290 9290 vir verdere navrae of besoek ook die webwerf van Efekto by www.efekto.co.za

## Huiswenke

- 'n Skoon lappie met 'n bietjie paraffien op kan gebruik word om die laaste oorblyfsels van kougom op 'n kledingstuk te verwyder.
- 'n Verstopte afvoerpyp kan weer maklik oopgemaak word deur eers 50ml koeksoda of wassoda in die gat te gooi. Volg op met 150ml asyn wat in gegooi word. Hou die gat geslote vir 'n uur deur die prop in te druk. Spoel daarna die mengsel met kookwater uit.
- Om vetterigheid by die was van skottelgoed te verminder, gooi 'n paar asyndruppels by die opwaswater.
- Voorkom gekraakte eiers deur hulle eers in louwarm water warm te maak, voor kook. Eiers direk gehaal uit die yskas en dan gekook, kraak maklik.




# PRESS RELEASE

## DROUGHT AID SCHEME 2003/2004 LIVESTOCK MARKETING INCENTIVE COMPONENT

The Meat Board as implementing agency on behalf of Government wishes to release the following procedures for the of payment of claims received by the Meat Board under the Drought Aid Scheme 2003/2004:

In line with Cabinets Decision No. 23/02.09.03/002 an incentive will be paid for the reduction of livestock as per a Livestock Marketing Scheme. The incentive was N$ 200 per large stock unit and N$ 50 per small stock unit.

The scheme was implemented as from 1 August 2003 to 30 November 2003 and applications for claims closed 28 February 2004. Payments for claims received and which could be properly verified will be made as from 9 August 2004 and the following procedures will be followed:

a. Individual claims where all accompanied documentation are correct and verified, will be paid out through branches of the First National Bank. Claimants will obtain "Drought Scheme - Payment Certificates" from their respective extension offices. The "Payment Certificates" as well as and Identification Document (ID/Passport/Drivers license - as presented on the Claim form must be shown at the nearest First National Bank in order to receive payments).
b. Claims submitted by individual farmers through farmers associations will be paid by cheque to the Association, which will make onwards payments to individual claim recorded.
c. Abattoirs north of the cordon fence will make payments to producers who slaughtered at the specific abattoir.

Claims with outstanding documentation or that could not be verified will be given time to until 31 August 2004 to submit the required documents to the Meat Board for processing.

Applicants will be given time until 31 October 2004 to collect their money. No payments will be considered after 31 October 2004.

Enquiries must be made at your nearest extension office in the area of production.










8ste Nasionale Bonsmara Veiling
10 September 2004
11:00
Agra/Standard Bank Ring, Windhoek
30 BULLE • 50 VERSE
TELERS:
E M Arnold
Kavango Beesboerdery
J F G Mostert
C W Schüllenbach
C J van Tonder
R T Heiser
G M Sigwart
H van Wyk
F Freyer & Seuns
R L Horn
Dr H Scholz
J von Dewitz
H P Deloch
H Metzger
Navrae:
Onderskeie telers
Standard Bank Namibia


cu@the
central select
AUCTION
15 SEPTEMBER 2004
New Agra/Standard Bank
Auction Pen, Windhoek
Time: 11h00
Subsidized Transport
BULL AUCTION
Simmentaler 16
Simbra 16
Limousin 7
Onjati Brahman
Kamab Simbra Stud
Omateva Limousin
Red Sands Brahman
Voigtland Simmentaler
Doepie Brahmane
central select
agra


HOME OF THE WHITE BRAHMAN
CATTLE COUNTRY
Louis van der Merwe
9de PRODUKSIEVEILING
17 SEPTEMBER 2004
11:00
FARM St BLAIZE
GOBABIS
BLAIZE BRAHMAN
&
MASIS SUSSEX STOET
22
Brahman Bulle
18
Sussex Bulle
First National Bank
How can we help you?
Navrae
agra


VEILING
www.agra.com.na
KARAKOEL RAMVEILING
72ste KTG - ELITE RAMVEILING
Vrydag, 17 September 2004
10:00
Keetmanshoop Skougronde
KARAKOELE: 62 Swart Geregistreerde Ramme
7 Grys Geregistreerde Ramme
14 Wit Geregistreerde Ramme
BOERBOKKE: 17 Gekeurde Ramme
VAN ROOY: 5 Ramme
agra STOETVEEDIENSTE

# AGRA Veilings: September 2004

**Website: www.agra.com.na**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Woensdag | 01 | Blanksdam, Karasburg | 10:00 |
| | | Grootfontein | 10:00 |
| Donderdag | 02 | Gibeon, Mariental | 10:00 |
| | | Otjiwarongo | 10:00 |
| Vrydag | 03 | Gobabis | 10:00 |
| Maandag | 06 | Windhoek Kleinvee | 14:00 |
| Dinsdag | 07 | Windhoek Aanteelveiling | 11:00 |
| | | Tses, Keetmanshoop | 10:00 |
| Woensdag | 08 | Aroab | 10:00 |
| | | Mariental | 10:00 |
| | | Kamanjab | 10:00 |
| Donderdag | 09 | Nomtsas, Keetmanshoop | 10:00 |
| Dinsdag | 14 | Asab, Mariental | 10:00 |
| | | Outjo | 10:00 |
| | | Rehoboth Grootvee | 10:00 |
| Woensdag | 15 | Gobabis | 10:00 |
| | | Grootfontein | 10:00 |
| Donderdag | 16 | Graal, Mariental | 10:00 |
| | | Otjiwarongo | 10:00 |
| Vrydag | 17 | Mariental | 10:00 |
| | | Otavi | 10:00 |
| Dinsdag | 21 | Okahandja | 10:00 |
| Woensdag | 22 | Aroab Beesveiling | 10:00 |
| Donderdag | 23 | Windhoek Grootvee | 10:00 |
| Vrydag | 24 | Grootfontein Kleinvee | 10:00 |
| | | Omaruru | 10:00 |
| Dinsdag | 28 | Keetmanshoop | 10:00 |
| | | Rehoboth Kleinvee | 10:00 |
| Woensdag | 29 | Karasburg | 10:00 |
| | | Grootfontein | 10:00 |
| Donderdag | 30 | Otjiwarongo | 10:00 |







